

Maandag

Skriflesing Mat.7:15 – 20; Gal.2:15 – 20; 5:1; Ef. 1: 17 – 23. Christus maak ons mense wat sonder om gedwing te word, goed doen. “Elke goeie boom dra goeie vrugte.” Met die woorde wys die Here op die onderskeid tussen wie Hy ons maak en wie geestelikes, wat wolwe vir sy kerk is, ons wil maak. Die Here maak ons goeie bome wat goeie vrug dra. Geestelikes probeer maak asof gelowiges slegte bome is wat deur goeie vrugte te dra, hulself goeie bome moet maak. Wie jy is, maak dat jy doen wat jy doen. Wat jy doen, maak jou nie wat jy is nie. Dit is nie die vrugte wat die boom maak nie. Dit is die boom wat die vrugte maak. In alle wêreldse geestelikhede word hierdie waarheid agterstevoor gekeer. Hulle wil maak asof om ’n doringboom te dwing om duiwe te dra, ’n doringboom ’n duiwestok sal maak. Dit is die dwang wat hulle as wolwe die kerk wil oplê: om te glo jy is sleg en jy word goed deur jou dade. Dorings moet duiwe dra om duiwestokke te word! Hulle sê dat jy tot bekering moet kom om ’n wedergebore Christen te word en dat jy moet jou hart en lewe vir God gee om ’n verlore kind van God te word. Wat ons doen is die vrugte, en wie ons is, is die boom! Só sê hierdie wolwe deur goeie vrug te dra, bekering en oorgawe, word ’n slegte boom ’n goeie boom, sondaars word wedergeborenes en gereddes, en gelowiges word godsvervulde mense. Só dwing hierdie wolwe gelowiges om die onmoontlike te doen. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za ds. Petrus

Dinsdag

Mat.7:15 – 20; Gal.2:15 – 20; 5:1; 6. Christus doen deur die evangelie heeltemal iets anders as om mense te dwing om met goeie dade, of met meer gehoorsaamheid of inniger toegewydheid Christene te word of te wees. Christus maak mense goeie bome! Maar hoe? Christus maak mense goeie bome deur hulle in Hom in te ent! Dit is die hart van die evangelie – Christus verenig ons met wie Hy as mens in die hemel is. In ons vereniging met Christus gebeur daar hierdie besondere wisselwerking: alles wat ons eie is in ons sonde, word Christus sin en alles wat Christus as mens in die hemel eie is, om heilig, regverdig en goed te wees, word ons sin. Martin Luther het met Efe. 5: 26, 27 gewys op ons vereniging met Christus en die wisselwerking tussen Christus en sy lidmate met die beeld van ’n bruid en bruidegom: “Dit het hy gedoen om die kerk aan God te wy sodat Hy die kerk in volle heerlijkheid by Hom kan neem, sonder vlek, of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. Luther gebruik die fokus van Paulus op die man en vrou wat een word in die huwelik op Christus en sy lidmate. En hulle TWEE (Christus en ek, Christus en ons) sal een wees. Soos man en vrou verenig word in ’n eenheid waarin ’n man sy manwees in sy vrou vind en ’n vrou haar vrouwees in haar man vind, so word ons met Christus verenig om ons goedheid in Hom te vind en dit maak ons goed. Ons twee is een! Ons is goeie bome gemaak omdat ons in Christus ingeënt is. Ons twee sal een wees – net só (en nie deur dwang nie) maak Hy ons goed. ds. Petrus

Woensdag

Mat.7:15 – 20; Gal.2:15 – 20; 5:1; 6. Hoe leef ons vir God as goeie mense, goeie bome? Martin Luther het dit met Gal. 2: 20 aangetoon. “Die lewe wat ek nou nog hier

lewe, leef ek in die geloof in die Seun wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.” Wie in die geloof in Christus leef, is ’n goeie mens. Dit is die enigste wyse waarop mense goeie mense kan wees – alleen deur hulle geloof in hul vereniging met Christus. ’n Goeie loot is ’n loot van wat sy inenting aanvaar en uit sy inenting leef. ’n Slegte loot is ’n loot wat nie sy inenting wil aanvaar en uit die krag van sy inenting wil leef nie. Om in die geloof van my inenting in Christus te leef, beteken om in die geloof te leef dat ek deel in die goedheid, regverdigheid, heiligheid en sondeloosheid van Christus wat Syne met my deel. Ek leef in en uit die geloof dat ek die regverdige en heilige mens is wat Hy my laat wees. Om in die geloof van jou inenting te leef, beteken ook dat ek kan ook nie meer as ’n skuldige, onregverdige en onheilige mens voor God leef nie, al doen ek sonde. Want dit wat ek só is, het Christus werklik vir my weg gevat en Syne aan die kruis gemaak. In my inenting in Christus sny Christus dit weg. Om in die geloof te leef beteken om in die geloof te leef dat ons twee, Christus en ek, een is! Daarom sê Paulus dat daardie onheilige en slegte mens wie ek my deur my eie sondes laat wees, was Christus vir my in my plek gewees: ek is saam met Christus gekruisig. Wie in en uit hierdie geloof leef, is vir God goeie mense, net deur hierdie geloof, al neig en doen hulle nog sonde. ds. Petrus

Donderdag

Mat.7:15 – 20; Gal.2:15 – 20; 5:1; 6. Die Here wys goeie bome dra goeie vrugte. Martin Luther het hierdie Christelike vryheid só gestel: “gelowiges doen nie goeie werke om iets goeds te doen nie”. Jy doen nie goeie werke met die doelwit en die motivering om vir God ’n goeie werk te doen nie. Dit is iets wat jy sommer net doen omdat dit is wat jy doen. Goeie bome dra nie vrugte omdat hulle goeie vrugte móét dra nie, macadamiabome dra sommer net macadamias. Macadamiabome móét nie macadamias dra, so asof hulle dit nie kán doen nie of iets anders kan doen nie. Goeie bome dra vanself, spontaan, sommer net, goeie vrugte. Daarmee het Luther die innerlike NUWE MOTIVERING vir die onderhouding van God se wet aangetoon. In ons eenheid (=inenting, =vereniging) met Christus, “ons twee is een”, gehoorsaam ons God nie om goed te WORD nie, ons luister sommer net na God! Ons luister sommer net omdat God, God is. Só is ons gehoorsaamheid alleen tot eer van God. Ons doen sommer net wat God sê, want dit is maar net hoe ons is en wat ons doen. Ons doen nie goeie werke om goed te word nie. Ons is goed en ons werke is vir God goed deur ons geloof dat Hy ons en ons werke vir Hom goed maak. Daarom is goeie werke nooit iets wat ons móét doen nie. Dit is iets wat ons sommer net doen, sonder om daarmee goed te wil wees of goed te wil doen. Want goeie bome dra goeie vrugte. Dit is die hart van ’n Christen se vryheid. Sonder die dwang of verpligting van die wet doen hy/sy wat God vra uit die vryheid dat dit sommer net is wat hy/sy doen. Ds Petrus.

Vrydag

Mat.7:15 – 20; Gal.2:15 – 20; 5:1. Geestelike wolwe veroordeel die skape dat hulle nog nie goed genoeg vir hul Herder is nie, al leef hulle in die geloof in Christus. “Jy

het nog nie 'n vervulde lewe met God omdat jy nog nie jou volle lewe aan God oor gegee het nie", "jy het nog nie 'n innige verhouding met God omdat jy nog nie 'n kragtige gebedslewe het nie", "jy leef nog nie in die volle seën van God omdat jy nog nie die Here volheid loof en prys nie", só veroordeel hulle gelowiges as slegte geestelike mense. Deur hierdie veroordeling stel hulle gelowiges onder die dwang van hulle geestelike selfverrykingsoefeninge om hulself met dae vir God goed te maak. Christus het ons van alle wette, reëls en regulasies vrygemaak om onself vir God goed te maak. Ons doen sommer net goed omdat Christus alleen ons vir God volkome goed laat wees. Wanneer ons uit hierdie geloof leef, sal dit 'n einde maak aan al die geestelike kursusse, beradings, konferensies, boekebedrywe, pelgrimstogte, retraites, met al hulle duisende geestelike reëls, regulasies en voorbeelde van "hoe om wat te doen om vir God goed te word". Ons sal die veroordeling dat ons nog nie goed genoeg is nie, verwerp en geen gewetensdwang om geestelike oefeninge, regulasies en voorskrifte, hoe om goeie Christene te word, aanvaar nie. Ons sal nie die onmoontlike probeer doen om van slegte bome na goeie bome te probeer verander deur goeie vrugte te probeer dra nie. Ds. Petrus.